# DIE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA EN DIE OORLOGSVRAAGSTUK

## 'n Ekklesiologies-etiese benadering

I.

DIT kan nie ontken word nie dat daar in die Geref. Kerk in SA tot onlangs nog baie weinig besin is oor die oorlogsvraagstuk. Hierdie stand van sake hang daarmee saam dat deelname aan 'n oorlog — 'n regverdige oorlog — selde of nooit as 'n etiese probleem aangevoel is nie. Die uitgangspunt was altyd dié van Augustinus en Calvyn[1] wat 'n regverdige oorlog as verantwoord beskou het, al moet onmiddellik bygevoeg word dat daar vandag nie altyd duidelik rekening gehou word met die *voorwaardes* wat Augustinus en Calvyn vir 'n regverdige oorlog neergelê het nie.

Benewens die uitgangspunt dat deelname aan 'n regverdige oorlog verantwoord is, moet in gedagte gehou word *dat elke oorlog op sy regverdigheidsgehalte getoets moet word.* Maar wie moet dit doen? En hoe? Elke burger? Maar beteken dit nie chaotiese subjektivisme nie? Die owerheid en generaals? Maar impliseer dit nie outokratisme nie? Die kerk? Maar moet daar dan elke keer voor of tydens 'n oorlog 'n spesiale sinodesitting gehou word?

Hierdie is klemmende vrae wat, soos later sal blyk, steeds in gedagte gehou moet word.

Hiermee saam gaan natuurlik die interpretasie van art. 30 Kerkorde wat bepaal dat in 'n kerklike vergadering slegs „kerklike sake" behandel behoort te word. En klaarblyklik is, aanvanklik altans, die oorlogvraagstuk nie as 'n „kerklike saak" aangevoel nie.

II.

### Die GKSA en lokale oorloë

Soek ons byvoorbeeld in die *Acta* na die standpunt van die GKSA oor lokale oorloë, soos die Anglo-Boere-oorlog I (1880—1881), die Anglo-Boere-oorlog II (1899—1902), die Koreaanse Oorlog (1950—1953) en die Angolese Oorlog (1975), dan vind ons nêrens enige prinsipiële verantwoording nie.

Weliswaar word die naweë van die Tweede Anglo-Boere-oorlog oral in die Acta van 1904 weerspieël. Ons vind byvoorbeeld verwysings na die oorlog in die voorwoord, in die openingsrede, met prof. Cachet word deelneming betuig met die dood van sy seun (art. 84) en die Sinode ag dit wenslik dat 'n boek saamgestel word „ter aandenking onzer gesneuvelden en dooden" (art. 235). Die reg tot verset teen 'n imperialistiese moondheid wat 'n volk sy vryheid ontneem, 'n volk vernietig en 'n vaderland kolonialiseer, was hier geen probleem nie, selfs al sou die Kolonialers rebelle moes word en so ongehoorsaam aan hulle wettige (maar imperiale) owerheid.

Teologiese professore en studente neem vanuit Burgersdorp met vrymoedigheid deel aan die oorlog vir vryheid, volk en vaderland.[2] Dit is ook bekend dat Totius as Kaapse rebel hom as veldprediker by die boeremagte gevoeg het en dat selfs 'n telegram van sy vader hom nie van standpunt kon laat verander nie![3]

Dit is nie oordrewe nie om te stel dat die Sinode van 1904 die optrede van die burgers, wat kerklidmate was, stilswyend goedgekeur het.[4] Dit is belangrik om te onthou dat die Afrikaner in hierdie geval die verdrukte en ontregte groep, die politieke magtelose was. Want dit is besonder moeilik vir 'n kerk om 'n konsekwente standpunt in hierdie sake in te neem. Die kerk staan altyd voor die gevaar om, wanneer sy lidmate in 'n politieke magtelose posisie verkeer, 'n meer militaristiese standpunt (t.o.v. die eie volk) in te neem, én om wanneer sy lidmate in 'n politieke magsposisie verkeer, dan 'n meer pasifistiese visie (t.o.v. die vyand) in te neem.[5]

Oor 'n kerklike standpunt ten opsigte van die Koreaanse Oorlog kon ons niks vind nie, maar dit is opvallend dat die Suid-Afrikaanse Regering nie betrokke wou wees by die Viëtnamese Oorlog (1946—1974), al was beide oorloë gerig teen die bestryding van Kommunisme. Gevolglik was kerklidmate ook nie by laasgenoemde oorlog betrokke nie.

Ten opsigte van die Angolese Oorlog (1975) is die menings ryklik gevarieerd. Dit is twyfelagtig of enige kerklike meerdere vergadering reeds daaroor besin het. Vanuit politieke oogpunt kan daar 'n reeks formidabele argumente ten gunste daarvan aangevoer word, en tog moet ons sê dat hierdie oorlog vanuit die oorlogsetiek kwalik anders as 'n aanvalsoorlog en dus as onverantwoord beskou moet word. Hier is 'n magtige hoeveelheid knelpunte, juis omdat dit van kapelane verwag word om soldate geestelik te bearbei en van predikante om lidmate „op die grens" pastoraal te begelei. Hier stuit ons weer voor die vraagstuk van 'n regverdige en onregverdige oorlog en wié hierdie beoordeling moet doen. Hier staan ons voor die lewensgroot vraag of die kerklike standpunt ten opsigte van oorlog nie al te fatalisties was en is nie.

## Die GKSA en totale oorloë

Probeer ons naspeur wat die standpunt van die GKSA was ten opsigte van Wêreldoorlog I (1914—1918) en Wêreldoorlog II (1939—1945), dan vind ons ook geen prinsipiële verantwoording ten opsigte van hierdie oorloë as sodanig nie. (Die buitengewone Sinode van 1946 handel bv. oor 'n leerkwessie[6]). Wel vind ons binnelandse verset by die burgers, lidmate ook van die kerk, omdat Suid-Afrika gedwing was om mét sy aartsvyand, Brittanje, saam te veg — maar daaroor later. Nêrens spreek die Sinode hom egter téén hierdie oorloë uit as oorloë teen die wil van God nie.

Is dit dalk hier 'n geval van 'n fatalistiese standpunt omdat „'n mens tog nie 'n oorlog kan verhoed nie", gedagtig ook aan die woorde van onse Here Jesus dat daar altyd oorloë sal wees (Matt 24 : 6). (Maar het Hy bedoel dat daar altyd oorloë móét wees?)

Opvallend is egter dat daar op die Sinode van 1936 'n versoek gedien het (vanuit Nederland, via die NGK) in verband met 'n gemeenskaplike aksie deur Protestantse kerke insake die dreigende oorlogsgees. Die Sinodale Kommissie van die NGK meen om 'n dag van gebed, 'n „Vrededag", uit te roep. Die Deputate van die GKSA het die brief in *Die Kerkblad* vir kennisname gepubliseer sodat kerkrade wat wou, daaraan kon deelneem. Die Sinode het hiervan kennis geneem (art. 27).

Werklik opsienbarend is die besluit van die Sinode van 1942 téén die voorgenome bewapening van nie-blankes omdat dit „volksgevaarlik", „in stryd met ons Christelike volkstradisies" is en indruis teen ons „sendingbeleid" (art. 51). Hier stuit ons ook voor die vraag van die gesagsgehalte van sodanige sinodale besluit, want dit waarteen die Sinode van 1942 besluit het, is vandag algemene praktyk. Hiermee hang ook saam die (on-)Skriftuurlike fundering van die besluit.

Op die Sinode van 1945 dien 'n beskrywingspunt van die Geref. Kerk Pretoria-Oos waarin die Sinode gevra word om 'n beroep op ons Regering te doen „om by 'n eventuele vredesverdrag sy invloed te laat geld dat reg en geregtigheid sal geskied volgens die eis van die Woord van God". Die besluit lui soos volg:

> „Die Sinode van die Geref. Kerk besef die groot betekenis van die vredesluiting wat verwag word en wil in alle beskeidenheid sy begeerte uitspreek dat ons hoë owerheid sy invloed sal gebruik dat die vrede gefundeer sal word op die groot beginsels van die Christendom en die Woord van God.
>
> „Ons besef goed dat die vlamme van wraak hoog opvlam na so 'n wrede oorlog, maar as die vrede beheers word deur die vreeskompleks, en gebou word op wraak en onreg, dan sal dit die kieme dra van nuwe onheil net soos die vrede van Versailles.
>
> „Ons is oortuig dat die handhawing van die bestaansreg van elke volk, die handhawing van billikheid en geregtigheid en die betoning van grootmoedigheid die enigste weg is tot 'n beter toekoms" (art. 85, 222).

Interessant is ook dat die Sinode van 1949 noodlenigingsgeld vir Nederland en Duitsland bewillig. Ons kry dus telkens te doen met 'n agteraf-reaksie in plaas van 'n vooraf-besinning en uitspraak.

## Die GKSA en versetbeweginge (rebellies/rewolusies)

Kyk ons na die kerklike besinning rondom die Rebellie van 1914, die verset tydens die Tweede Wêreldoorlog van 1939—1945 en na die Swart verset van 1976 verander die prentjie.

Besondere aandag vra die Sinode van 1916 wat gehandel het oor die Rebellie van 1914.[7]

Dit is bekend dat die Regering onder leiding van generaal Louis Botha van oortuiging was dat Suid-Afrika vir Engeland moes bystaan in die Eerste Wêreldoorlog, terwyl van die ander Boeregeneraals die teenoorgestelde mening gehuldig het. Suid-Afrika hét

egter toegetree en gevolglik het 'n binnelandse rebellie uitgebreek. Op die Sinode van 1916 dien verskeie besprekingspunte, veral afkomstig uit die kringe wat voorheen aan die Geref. Kerk onder die kruis verbonde was (onthou ook dat ds. S. J. du Toit teen die Tweede Vryheidsoorlog gekant was), waarin die Sinode gevra word of *'n* rebellie en *dié* Rebellie van 1914 volgens God se Woord is. Die Sinode neem die saak in behandeling en oordeel dus dat die probleem van 'n rebellie, die geweldvraagstuk dus, 'n „kerklike saak" is. Die Sinode benoem 'n kommissie van advies wat breedvoerig rapporteer (art. 155) (die hand van Totius is kennelik te sien), en die verslag word deur die Sinode met meerderheid van stemme aanvaar, hoewel sommige minderheidsnotulering aangevra het.

Wat bevat die rapport alles? Ons som op: Onderwerping aan die Godgestelde owerheid is plig, maar... hierdie gesag het sy grens. As die owerheid ons gebied om die Wet van God te skend, moet God meer gehoorsaam wees as die mens. Ons Calvinistiese vaders het egter nie net geleer dat die owerheidsgebod nie in stryd moet wees met Gods Wet nie, maar ook dat dit nie in stryd moet wees met die vryhede en grondregte van 'n volk nie. Wanneer die owerheidsgebod ingaan teen die Goddelike Wet of die volksvryhede, moet aan die owerheid, in navolging van Daniël en die Apostels, nié gehoorsaamheid bewys word nie. Maar hóé moet die verset dan wees: lydelik of dadelik? Daar mag ook dadelik verset wees! Maar wanneer dít plaasvind, dan moet dit geskied deur die „mindere maghebbers en erkende volkshoofde". „Die leer omtrent die dadelike verset... is in die geskiedenis van ons Gereformeerde voorouers met die daad toegepas". Die Nagmaalformulier sien op die „onwettige versteuring van die gevestigde orde". Die Sinode erken dus prinsipieel dat daar 'n wettige reg tot gewelddadige verset moontlik is.

Maar wat van die Rebellie van 1914 dan, was dit wettig of onwettig? Die Sinode besluit om hieroor geen uitspraak te doen nie — die tyd is daarvoor nie ryp nie — en maan die lidmate met verskillende standpunte om mekaar oor en weer te verdra.

Op die Sinode van 1918 dien daar egter beswaarskrifte oor die 1916-besluit, wat veral tot inhoud het dat die beswaardes wel 'n *lydelike* verset Bybel-verantwoord ag, maar geensins 'n dadelike verset nie. Die Sinode besluit om te volstaan met die 1916-standpunt.

Dit sou dus nie verkeerd wees nie om te beweer dat daar by die lidmate van die GKSA 'n bepaalde ongeskrewe standpunt geheers het waardeur die reg tot verset in besondere gevalle tog gebillik sou kon word. F. A. van Jaarsveld verwys na so 'n ongeskrewe standpunt as hy opmerk: „Die Graaff-Reinet en Swellendamse opstande en die opstand van die Groot Trek skakel direk met die Calvinistiese leer van die opstand teen die tirannie van 'n vors wat die godsdienstige, morele en regtelike beginsels verbreek het".[8] In die bogenoemde Totius-rapport is ook verwys na „ons Calvinistiese vaders" en „ons Gereformeerde voorouers". Dit bly egter 'n groot vraag of hier nie 'n roomse *plus* by die reformatoriese *sola Scriptura* gevoeg is nie, wat trouens die krag van die beswaarskrif

was. Dit is 'n ope vraag of die konsekwensies wat Calvyn en die Calvinistiese vaders uit Dan. 3 en 6 en Hand. 4 : 19 trek, werklik verantwoord is. Immers, by Daniël en sy drie vriende is daar wel sprake van ongehoorsaamheid en lydelike verset teenoor die owerheid, maar nêrens is enige sprake van gewelddadige of rewolusionêre verset nie. Dieselfde geld van Hand. 4 : 19, met dié bykomende aspek dat hierdie teks eintlik niks te make het met die verhouding burger: staatsowerheid nie maar wel met die verhouding gelowige: kerkowerheid (4 : 5). Petrus was hier nie ongehoorsaam aan die staatsowerheid nie maar aan die kerkowerheid. Om vanuit die lydelike ongehoorsaamheid aan die kerkowerheid te konkludeer tot gewelddadige verset teen die staatsowerheid is 'n ontoelaatbare konklusie. Maar hier stuit ons voor die magtige probleem van die oorlogsetiek !

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog was daar ook binnelandse onrus, weer eens omdat talle Afrikaners nie hulle weg oopgesien het om saam met Brittanje te veg nie. Die sinode van 1939 keur 'n rapport goed van die Interkerklike Kommissie waarin verwys word na die „verdeeldheid en bitterheid" onder die Afrikanervolk en waarin aanbeveel word dat 'n dag van verootmoediging en gebed gehou word (art. 141).

Op die Sinode van 1945 rapporteer deputate dat hulle nog nie daarin kon slaag om die nodige reëlings te tref dat predikante lidmate in die interneringskampe „geestelik" kan bearbei nie (art. 53, 141). Het die Sinode die verset in hierdie tyd stilswyend goedgekeur? In bg. besluit is sprake van „geestelike bearbeiding", 'n saak wat ons vandag nog terugvind by bv. die werk van kapelane. Die groot vraag is of hierdie terminologie vanuit 'n piëtistiese dan wel calvinistiese visie gevul word. In die Piëtisme beteken dit dat die mens in twee verdeel word: die staat en weermag hanteer die liggaamlike aspek, die kerk die geestelike. Hierdie siening verg egter die omvattende toerusting van die gelowiges, verlam die profetiese roeping van die kerk en 'n stoel op 'n onbybelse mensbeskouing. Kan daar sprake wees van „'n geestelike bearbeiding" in 'n deur en deur onregverdige oorlog? Sal die beste „geestelike bearbeiding" dan nie allereers daarin bestaan dat die kerk aan die owerheid sê dat die betrokke oorlog onverantwoord is en dus nagelaat behoort te word nie? Dit gaan in die oorlogsetiek trouens nie net om wat *in* en *tydens* 'n oorlog gedoen behoort te word nie, maar veral om die oorlog *as sodanig*: is dit regverdig of onregverdig? Ook aan hiérdie vraag moet „geestelike arbeiders" noukeurig aandag gee.

Gedurende 1976 breek daar 'n Swart Verset in Suid-Afrika uit op 'n skaal wat voorheen haas onbekend was. Sedertdien het nog geen nasionale sinode vergader nie, hoewel die saak regionaal deur sommige meerdere vergaderings behandel is. As 'n voorbeeld van so 'n kerklike behandeling verwys ons na die besluit van die Klassis Boland op 14 Sept. 1976 (art. 38):

> „Die Klassis Boland roep die gelowiges in sy ressort in hierdie tyd van spanning op tot diepe verootmoediging voor God. Christene moet in hierdie dae van beproewing hulle daagliks

in selfondersoek en gebed tot die Here God wend, want Hy „het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing" (2 Tim. 1 : 7).

„2. Die Klassis roep die gelowiges op om in alle opsigte 'n lewe van Godvresendheid en mensliewendheid te voer en so aan die wêreld getuienis te lewer van 'n lewe van versoening voor Gods aangesig. Die kerk van Christus moet nooit moeg word om hom in woord en daad te beywer vir die saak van vrede, harmonie en welsyn nie (Hebr. 12 : 14). In besonder word voorbidding gedoen vir daardie bruin, swart en wit gelowiges wat in spanningsvolle situasies van vervolging, intimidasie, verdagmaking en droefheid verkeer.

„3. Die Klassis verseker die Hoë Owerheid van sy voorbidding ter handhawing van wet en orde (Rom. 13) sodat ons 'n vreedsame lewe kan lei ter bevordering van die koninkryk van God en sy geregtigheid. In besonder dink ons aan polisiemanne wat ten spyte van moeilike situasies waarin hulle mag optree, onder alle omstandighede regverdig en verantwoord moet optree. In die besef dat wet en orde alleen kan gedy op die basis van reg en geregtigheid (Jes. 32 : 17) en dat geregtigheid 'n volk verhoog (Spr. 14 : 34), bid ons die Hoë Owerheid wysheid en sterkte toe in die vervulling van sy roeping om volle geregtigheid vir alle volke te verwesenlik sodat almal 'n lewe van ware vryheid en volle verantwoordelikheid kan voer."

Kyk ons na die versetsgroepe (deur teenstanders „terroriste" en deur voorstanders „vryheidsvegters" genoem), dan is dit vir die kerk, gesien die 1916-besluit, onmoontlik om nou 'n pasifistiese standpunt in te neem. Die kerk het tóé self 'n militaristiese rewolusionisme aanvaar. Wanneer die huidige binnelandse en buitelandse terroristiese aanslag teen Suid-Afrika dus afgewys word, *moet duidelik aangetoon word dat dit 'n onregverdige rewolusie of verset is* (inaggenome dat daar wel 'n verskil maar geen wesensverskil tussen 'n rebellie en rewolusie is nie: beide bly verset teen die „wettige" owerheid). Daarom is die volgende opmerking van D. C. S. van der Merwe volkome ter sake: „As ons dus nou as Christen-Afrikaners sou wil stel dat Christene nooit, onder enige omstandighede, met 'n rein gewete met fisiese wapens teen ons en ons regering mag optree nie, dan is ons inkonsekwent en loop ons gevaar om te huigel".[9] Ook hier stuit ons voor die probleem van 'n regverdige rewolusie, 'n vraagstuk op sy eie.[10]

## Sinodale besinning 1961

Dit is opvallend dat die enigste werklike besinning en prinsipiële standpunt-inname in verband met die oorlogvraagstuk — en daar mee het die Sinode ook onteenseglik uitgespreek dat die oorlog vraagstuk 'n „kerklike saak" is! — eers gedoen word rondom 1961 en dan is dit ook nie vanweë selfbesinning nie maar die saak kom op tafel via die besluite (of liewer: adviese) van die Geref. Ek

meniese Sinode van 1958. Ons Sinode het die adviese nagenoeg volledig vir sy rekening geneem en vanweë die belangrikheid daarvan gee ek dit hier volledig weer (art. 47):

„1. Dat die uiters gevaarlike internasionale spanninge en die totaal vernietigende mag van moderne bewapening die kerk van Christus tot 'n besondere taak in ons dag roep. Die roeping vereis sowel diepe verootmoediging voor God as 'n heldere verkondiging van die Woord van God te midde van 'n verwarde en verslae mensdom. Daarom is dit die taak van die kerk om voor alles gelowig te luister wat God deur sy Gees en Woord aan 'n dag soos hierdie wil sê.

„2. Dat dit die amp en die bevoegdheid van die owerheid in die menslike samelewing as 'n deur Godgewilde instelling erken. Die owerheid moet gesien word as die middel waardeur die Almagtige die verwoestende deurwerking van die sonde tot algehele chaos wil beteuel en afweer. En dat die Christelike kerk geensins die moderne tegniese ontwikkeling as sodanig veroordeel nie. Nogtans sien die kerk in die huidige kernwapens 'n verontrustende openbaring van die noodlottige gevolge waartoe 'n tegniek moet lei as dit deur 'n mensheid gehanteer word wat nie meer onder die tug van die Woord van God buig nie.

„3. Dat gebruik van wapengeweld wel volgens die Woord van God tot die handhawing en verwesenliking van reg en geregtigheid toelaatbaar kan wees. Hoewel so 'n gebruik egter nie in Bybelse sin as sonde bestempel kan word nie, behoort oorlog tog in elk geval tot die sonde-orde en gaan daar gewoonlik veel sonde mee gepaard. Daarom mag geen poging gespaar word om dit te verhoed nie. Ook moet ons in diepe verootmoediging daaraan herinner word dat dit selfs as tugroede van God oor volkere kan kom.

„4. Dat die kerk van Christus nie 'n gees van afsydigheid in geval van geregverdigde wapengeweld voorstaan nie maar inteendeel die plig tot gehoorsaamheid aan die aardse owerheid in so 'n geval erken. Waar die staat langs die weg van geregtigheid tot die uiterste middel van wapengeweld gedwing mag word, beskou die kerk die onderdane geroepe tot gehoorsame diens. Maar selfs dan moet die Gees van Christus heers i.p.v. demoniese gesteldhede van bitterheid, wraak en vergelding.

„5. Dat die moderne oorlog vanweë die uiters gekompliseerde karakter van internasionale politieke verhoudinge en vanweë die verderwende intensiteit van moderne bewapening owerhede meer as ooit voor 'n hoogsernstige verantwoordelikheid stel. Daarom is dit die dringende taak van owerhede vandag om alles in werking te stel om oorloë (deur die opbou van 'n internasionale regsorde) te probeer afweer. Hierin het die Christelike kerke soos nooit tevore nie die roeping om deur gelo-

wige voorbidding voortdurend mee te werk.

„6. Dat die kerk hom daarbenewens met die Goddelike opdrag belas sien enersyds om alles te doen om oorloë te probeer voorkom, andersyds om nie kritiekloos teenoor die beslissinge en handelwyse van owerhede te staan nie maar immer weer die oorlogsbeslissing en -voering aan die Woord van God te toets. Ja, en dat dit selfs sover kan kom dat die sondeopenbaring op dié gebied so 'n omvang kan aanneem en in so 'n apokaliptiese gestalte (Openb. 13) hom kan openbaar dat die kerk en volgelinge van Christus op generlei wyse meer enige medeverantwoordelikheid daarvoor mag en kan aanvaar nie. Dan sal hulle roeping wees om, eerder as om 'n gedemoniseerde owerheid te bly gehoorsaam, *alle* medewerking op te sê, al moet dit dan beteken dat hulle die weg van 'n martelaarsgemeente moet gaan.

„7. Dat die kerke oor die wêreld hulle moet verenig in gemeenskaplike getuienis teen alle individuele, nasionale en internasionale onreg en verdrukking. Sonder om revolusionêr te wees het die kerk in ons dag, op voetspoor van die vroeë kerk, die dringende roeping om die mensdom met Jesus Christus te konfronteer in die oortuiging dat in sy beginsels en deur sy verlossing alleen reg en geregtigheid gehandhaaf en demoniese magte van oorlog oorwin en afgeweer kan word.

„8. Dat die kerke in hierdie tyd geroep is tot 'n meer intensiewe taak en arbeid as blote openbare uitsprake i.v.m. oorlog. In elke kring moet daar bewustelik, planmatig en voortdurend pastoraal aan mense gearbei word om so elke geslag op te voed in 'n deeglike Bybelse siening van alle aspekte van die oorlogsvraagstuk. Daarby is nodig die aankweking van 'n Christelike ywer vir vrede en die handhawing en beoefening van reg en geregtigheid op alle lewensterreine."

Behalwe dat die woorde in hakies in punt 5 geskrap is en vir 'n geringe wysiging in punt 7, is hierdie punte almal aanvaar.

Punt 2 van hierdie besluit, waar sprake is van kernwapens as „'n verontrustende openbaring" van die moderne tegnokrasie, bevat myns insiens alle elemente van 'n „atoompasifisme" of dan 'n parsiële militarisme. In punt 6 word pertinent gestel dat 'n kerk die roeping het om „immer weer die oorlogbeslissing en -voering aan die Woord van God te toets". Ons het tewens met hierdie vraagstelling begin. 'n Kernvraag hier is presies hóé hierdie toetsing gedoen behoort te word. Behoort daar voor of tydens elke oorlog 'n buitengewone sinodesitting gehou te word om te oordeel oo die regmatigheid of onregmatigheid daarvan?

## Die GKSA en kapelane

Oor die probleme rondom kapelane, oor die moontlikheid dat d kerk van Christus hom kan laat inkapsel in 'n staatstruktuur en

sy vryheid in Christus kan neutraliseer, het ek elders geskrywe.[11] Hierdie vraagstuk is tans geïntensifiseer deur die wyse waarop proponente of teologiese kandidate betrek is in die Weermag. Dit is nie onmoontlik nie dat die kerk, as Goddelike vredesinstituut op aarde, as gevolg hiervan hoe langer hoe meer sy vredesboodskap, wat véél meer is as 'n blote „sielevrede", kan inruil vir 'n militaristies getinte boodskap (vgl. Matt. 5 : 9, Rom. 12 : 18, Hebr. 12 : 14). Daarteen sal steeds nougeset gewaak moet word.

III.

Hoe word daar in die GKSA *gespreek* oor die oorlogsvraagstuk? Dit sou 'n aparte studie op homself verg om volledig reg te laat geskied aan die vraag hoe daar in die GKSA oor die tema van oorlog en vrede gepreek word. Hiervoor sou ten minste alle beskikbare preekbundels deurgegaan moet word asook wyd en syd na preke geluister moet word. Dit is egter nie denkbeeldig dat daar moontlik 'n swaarder aksent op die strydmotief as op die vredesmotief gelê word nie. In elk geval word 'n oorlog selde as etiese *probleem* aan die gemeentes voorgehou.

Slaan ons byvoorbeeld 'n aantal preekbundels oop, dan blyk dit dat die predikers op militaristiese standpunt staan. Ds. T. Hamersma oordeel dat „op dezelfde grond, dat een afzonderlijke persoon zich mag verdedigen, is het ook geoorloofd, dat een gans volk zijn godsdienst, zijn vrijheid en zijn eigendom tegen een verdrukker, een indringer verdedigt. Ook mag een volk ten oorlog trekken, om het verdrukken en tyrannie van andere volken tegen te gaan".[12] Ds. L. S. van der Walt stem saam: „In die 6e gebod verbied God ook nie 'n regverdige oorlog nie"[13] en dr. S. C. W. Duvenage verkondig: „As daar 'n geregverdigde oorlog gevoer word, 'n voor God verantwoorde stryd dus, dan kan en moet die kerk ook sy bydrae lewer want daar is nie net ammunisie en voertuie, kanonne en gewere nodig nie maar daar is ook 'n moraal nodig, daar is ook geloof nodig en volharding. Die gees moet reg wees".[14]

Hier raak ons aan die besonder boeiende tema van die Skrifgesag, meer in besonder die gesag van die Ou Testament.[15] Of eintlik gaan dit nie oor die geság van die Heilige Skrif nie, want wie dít aantas, verloën sy reformatoriese erfenis. Dit gaan veeleer oor die áárd van die gesag. Die vraag is dus klemmend of daar vanuit die Ou-Testamentiese militarisme reglynige konklusies vir moderne oorloë getrek kan word; of die OT sodoende buite die Nuwe Testament en buite Jesus Christus om verklaar kan word; of daar voldoende rekening gehou word met die *openbaringshistoriese* ontwikkeling in die Skrif. Vir 'n juiste beoordeling van die oorlogsvraagstuk is dit van fundamentele betekenis. Maar daaroor het ek elders breedvoeriger gehandel.[16]

IV.

Wat die besinning in *die teologiese etiek* betref, is die oes

werklik skraal. Eers in die dekade 60 is daar 'n begin gemaak om behoorlike aandag aan hierdie problematiek te gee.

Natuurlik beteken dit geensins dat daar vóór die tyd niks gedoen is nie. Reeds in 1942 skryf B. J. de Klerk oor *Die Christen en Oorlog* in *Die Kerkblad* en bied hy 'n goeie weergawe van die tradisionele visie.[17] 'n Omvattender besinning vind ons egter by J. T. C. Snyman in sy M-skripsie van 1967 wat handel oor *Gereformeerde Etiek en Kernwapens.*[18] 'n Kernoorlog ag hy verwerplik „omdat hy juis vernietig wat hy wil verdedig",[19] maar kernwapens moet ter wille van magsewewig behou word, al mag ook dit later verwerplik word.[20] So besien, kan die kernwapen „ook in diens staan van die koninkryk van God" omdat die evangelieverkondiging in vredestyd sy vrye loop kan hê.[21] Tans sê hy nog „nee" vir 'n kernoorlog, maar „daar kan omstandighede kom waarin ons ook „ja" moet sê teenoor 'n kernoorlog en dan moet ons gereed wees".[22] 'n Kernoorlog dien dan as „uiterste redmiddel".[23]

Voortgaande besinning vind ons by B. Duvenage in *Woord en Daad* 1970 waar hy die standpunt van die parsiële militariste verdedig: d.w.s. hy kies vír die aanhouding van kernwapens maar téén die *gebruik* daarvan. 'n Owerheid mag nie hierdie wapens gebruik „as hy homself of sy grondgebied sal vernietig nie",[24] maar die situasie in Suid-Afrika is sodanig „dat hy as klein staat so 'n afskrikmiddel nodig het". „Ons meen dat die besit van kernwapens ook vir Suid-Afrika in die huidige situasie nodig kan wees".[25]

Veel verder gaan Bas Goedhart in *Woord en Daad* 1976 as hy kies vir 'n radikale militarisme, d.w.s. ook vir die *gebruik* van kernwapens. „Maak Suid-Afrika tot die uiterste toe weerbaar, kernbomme ingesluit".[26] Hy stel die vraag: „is die kernbom en kernwapens vir Suid-Afrika se handhawing en verdediging as onafhanklike staat *noodsaaklik?*", en antwoord: „Die vraag moet na my oortuiging met „ja!" beantwoord word".[27]

Sedert die sestigerjare het ek my ook intensief besig gehou met die oorlogvraagstuk. My proefskrif is aan hierdie onderwerp gewy. Daarin is nie probeer om 'n allesomvattende oplossing aan te bied nie, maar is 'n poging aangewend om die relevante materiaal behoorlik en objektief op tafel te kry. Atoommilitarisme vind ek hoogs problematies.[28] 'n Paar van die konklusies gee ek hier weer:

1 Die middele wat in 'n moderne totale oorlog gebruik kan word, het so 'n oorlog doelvernietigend en dus doelloos gemaak.
2 Die etiese keuse ten opsigte van die oorlogvraagstuk is nie geleë in 'n keuse tussen weerloosheid of weerbaarheid nie, maar tussen sinvolle en selfvernietigende weerbaarheid.
3 'n Owerheid moet eerder na 'n politieke as militêre oplossing soek.
4 Suid-Afrika moet die leiding neem om Afrika 'n kernbomvrye gebied te maak.
5 'n Owerheid wat waak oor die vryheid en veiligheid van sy onderdane sal alternatiewe versetsmetodes oorweeg en ontwikkel.
6 'n Weermag moet 'n vredesleër wees wat ook ontwikkelings

diens verrig.

7 Solank as wat maghebbers 'n reformasie onmoontlik maak, maak hulle by magteloses 'n rewolusie onvermydelik.

8 Die ontplooiing van „reg en geregtigheid" is vir die staatshuishouding van fundamenteler betekenis as die handhawing van „wet en orde".

9 Situasie-etiek bied die beste oplossing vir die korrekte keuse in 'n konkrete krisis-geval.

10 Heilige oorloë is finaal verby en dit is onverantwoord dat Christene teen mekaar veg.

11 Die roeping tot vrede — in sy omvattende Bybelse betekenis van: voorspoed en harmonie — is 'n hoë prioriteit vir kerk, staat en universiteit.

## V.

Konkluderend kan ons die offisiële standpunt van die GKSA soos volg saamvat:

1 *Militarisme:* Die gebruik van wapengeweld is volgens die Bybel „toelaatbaar" (1961).

2 *Situatiewe militarisme:* Die Sinode van 1961 het duidelik besluit dat nie elke oorlog 'n regverdige oorlog is nie maar dat 'n oorlog telkens aan die Woord van God „getoets" moet word.

3 *Parsiële militarisme:* Met sy verwysing na kernwapens as 'n „verontrustende openbaring" het die Sinode van 1961 hom myns insiens van 'n kernwapen gedistansieer.

4 *Situatiewe rewolusionisme:* Die Sinode van 1916 het duidelik uitspraak gedoen ten gunste van 'n „regverdige rebellie", naamlik wanneer (a) die owerheid ingaan teen die Goddelike Wet of volksvryhede, maar dan moet dit (b) onderneem word deur die „mindere maghebbers en erkende volkshoofde".

Stellenbosch. J. H. (Amie) van Wyk.

---

1 Vgl. J. H. van Wyk: *Etiek van Vrede. 'n Teologies-etiese evaluering van die Christenpasifisme,* Potchefstroom 1974, 119—122 en 131—133.

2 Vgl. G. C. P. van der Vyver: *My erfenis is vir my mooi,* Potchefstroom, 1969, 83—94. Dit is interessant om te weet dat ook talle pasifiste in Engeland téén Engeland gekant was.

3 V. E. d'Assonville: *Totius — Profeet van die Mooirivier,* Tafelberg, 177.

4 Vgl. J. P. Jooste: *Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika,* Potchefstroom 1958, 205—210.

5 Vgl. *Acta Part Sinode K.P. en S.W.A. van die GKSA,* Bellville 1970, art. 14 (i.v.m. terrorisme en die WRK).

6 Die Sinode van 1946 maak wel melding van „ons houding teenoor oorlog" (Acta 1964, p. 31), maar waar is dit te vind?

7 Ek volg hier die gegewens in my *Etiek van Vrede,* a.w., 152—153, en verwys na die dokumentasie hierin. Vgl. ook hier die (simplistiese) konklusie van C. F. A. Borchardt in sy opstel: *Die Afrikaanse kerke en die Rebellie*

*1914—15* in: *Teologie en Vernuwing,* Unisa Pretoria 1975: „Die kerke het nooit gesê dat wat die rebelle gedoen het, verkeerd was nie"; „Die Afrikaanse kerke het wel probeer om na die hart van die volk te praat, maar daardeur was hulle ontrou as Kerk van Jesus Christus" (116).

8 F. A. van Jaarsveld: *Afrikaner Quo Vadis?,* Johannesburg 1971, 32 (so 50).

9 D. C. S. van der Merwe: *Geweld geheilig deur die kruis?* in: *Woord en Daad,* Okt. 1974, 17.

10 Vgl. J. H. van Wyk: *Etiek in 'n eeu van Tegnologie en Tegnokrasie,* Potchefstroom 1971, 174—191.

11 Vgl. my: *Etiek van Vrede,* a.w., 446—449.

12 T. Hamersma: *De Katechismus in 52 predikaties,* Bloemfontein 1919, 389.

13 Ds. L. S. van der Walt in: *Kategismuspreke,* Potchefstroom 1957, 332.

14 Dr. S. C. W. Duvenage: *Verkondig die Woord. Kategismusprediking,* Potchefstroom, s.j., 380.

15 Vgl. dr. J. J. van der Walt: *Kerk en swaard* in: *Die Kerkblad,* 18 Sept. 1974, 21 asook prof. S. J. van der Walt in: *Die Afrikaner,* 4 Junie 1976: „In die Ou Testament word nêrens oorlog as sodanig veroordeel nie, mits dit 'n „oorlog van die Here" is, ter selfverdediging of wraak op die vyande van God".

16 Vgl. my: *Etiek van Vrede,* a.w., 208—239 en my: *Skrifberoep en oorlogsvraagstuk* in: *In die Skriflig,* Maart 1976, 6—14.

17 B. J. de Klerk: *Die Christen en Oorlog* in: *Die Kerkblad,* 17 Julie 1942, 12—13.

18 J. T. C. Snyman: *Gereformeerde Etiek en Kernwapens,* Potchefstroom 1967. Vgl. ook H. R. Lass in: *Die wêreld van 70,* Potchefstroom 1974, 83—107 en in: *Woord en Daad,* Junie 1976, 6 v.

19 Snyman: a.w., 49.

20 Idem., 28, 30.

21 Idem, 32.

22 Vgl. sy artikel: *Nou „ja" vir kernwapens, maar nog „nee" vir kernoorlog* in: *Woord en Daad,* Okt. 1968, 4.

23 Idem., 4. Ook A. H. Grové sê: „Ons word dus gedwing op die pad van radikale militarisme" in: *Die Goue Kandelaar,* Potch. 1975, 27.

24 *S.A. kan ook kernwapens nodig hê,* in: *Woord en Daad,* Des. 1970, 13.

25 Idem, 13.

26 Bas Goedhart: *Die gevaar van „Teken-Teologie"* in: *Woord en Daad,* Julie 1976, 20.

27 Bas Goedhart: *Weerbaarheid voorkom beproewing,* Okt. 1976, 9.

28 Vgl. my diskussies met B. Duvenage: *Woord en Daad,* Nov. 1970 en Maart 1971 en Bas Goedhart: *Woord en Daad,* Junie 1976 en Okt. 1976. G. J. Schutten skryf in: *Gereformeerd Weekblad* van 1 Okt. 1976, 54: „Ook beschikt Zuid-Afrika over de atoombom". W. J. de Klerk oordeel dat gesien teen die agtergrond van die vereistes van 'n geregverdige oorlog, „is die moderne wyse van oorlogvoering eties te veroordeel" in: *Roeping en Werklikheid,* Potchefstroom 1972, 333.